**WOENSDAG 10 JUNIE**

**SKRIFGEDEELTE: GENESIS 32:22-32**
**FOKUSGEDEELTE: GENESIS 32:26-38 (OAV & NAV);**
**HEIDELBERGSE KATEGISMUS SONDAG 9**

**Jakob – Hou vas aan die Seun (seën) van God!**

Daar is min mense wat sonder worsteling deur die lewe gaan, of dit by die werk, in jou familie, of selfs met jou geloof is. Wanneer ons elke Sondag bely dat ons in *God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde* glo, bely ons dat ons aan Hóm vashou, dat ons selfs in ons worsteling Hóm vertrou en dat Hý alles gee wat ons na liggaam en siel nodig het.

Al was Jakob (hy bedrieg) ’n opperste bedrieër, ’n leuenaar, ’n konkelaar en ’n hakskeengryper (byter), het hy met sy worsteling in die Jabbokrivier besef dat hy God nodig het. Al beveel die (M)man Jakob om (H)hom te los, besef Jakob, nadat sy pootjie uit lit geslaan is, hy gaan val as hy hierdie (M)man los. Tog is die ware Jakob nog steeds daar en dring hy daarop aan om geseën te word. Op die vraag: “Wie is jy?” antwoord hy: “Jakob”, vir een van die min kere in sy lewe met die waarheid.

Met die noem van sy naam erken hy nie net die ware betekenis van sy naam nie, maar bely hy die mens wat hy is. Met daglig ontvang Jakob die seën van die Here. Hy kry ’n nuwe naam! Nie meer bedrieër nie, maar oorwinnaar.

Wie is jy? Is jy nog Jakob? Of het jy al in Christus “Israel” geword? Hou jy aan jou Here vas? Onthou die woorde van ons Here in Jesaja 43:1 – “Ek het jou by jou naam geroep, jy is Myne!” Ons behoort aan Hom en in Christus ís ons meer as oorwinnaars (Rom. 8:37).

Hou in jou worsteling vas aan die Seun van God. Hý is die Oorwinnaar. Hou vas aan die seën wat ons in en deur Hom ontvang het, die seën van verlossing, die seën van die ewige lewe.

*Sing: Skrifberyming 14-3:3, 4*
*Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (Harrismith)*